



TWEE MENINGS OOR REPUBLIEK

In Londen het dr. A. L. Geyer, die Unie se Hoë Kommissaris, in 'n verklaring aan joernaliste van die Britse Statebond, op 'n vraag oor republikeinse neiginge in Suid-Afrika, gesê:

„Die republikeinse beleid is nie 'n saak van praktiese politiek op die huidige oomblik nie.

GESKIKTE TYD

In Kaapstad het dr. F. D. du T. van Zyl, Kaaplandse leier van die Ossewabrandwag, nog in verband met die republiek gesê:

„Dit is my oorwoë mening dat die huidige so 'n geskikte tyd is as wat ons ooit kan verlang om die Republiek te verwesenlik. Aan die een kant is daar geen gevaar dat die toestroming van kapitaal na S.A. weens 'n Repu-

bliek gestaak sal word nie, so lank ons 'n stabiele en progressiewe regering het. Aan die ander kant is die internasionale toestand tans so vertroebeld dat ons niks te vrese het van die Westerse volke wat ons grondstowwe, ons werkkragte en ons spoorweë en hawens nodig het vir die komende wêreldstryd nie.

„Ook moet daarop gelet word dat in die aangesig van die Kommunistiese gevaar daar in S.A. vandag in groter mate die neiging tot eenheid is dan vir baie jare die geval was en in die toekoms mag wees. Dit wil my voorkom asof ons ons blootstel aan die beskuldiging van 'n gebrek aan visie as ons nie gebruik maak van die geleentheid wat hom nou bied om die daad by die woord te sit nie.

Toe die Eerste Ministers van die lande van die Britse Statebond in Londen aangekom het om die Premierskonferensie by te woon, het Liaquat Ali Khan, Eerste Minister van Pakistan, ontbreek. Hy het moedswillig weggebly.

En sy rede was die onopgeloste geskil wat bestaan tussen Pakistan en Indië oor die besit van die provinsie Kasjmir. Liaquat Ali Kahn was nie bereid om saam met Indië se verteenwoordiger om dieselfde Statebondstafel te sit — terwyl daardie Statebond nie 'n vinger verroer om die geskil tussen die twee „suster-state” op te los nie.

GESKIL WORD BESPREEK

Die afwesigheid van Pakistan se eerste minister het 'n sigbare bres geslaan in die sogenaamde eenheid van die Britse Statebond. En mnr. Attlee, eerste

minister van Brittanje, het gevoel dat hy 'n plan moet maak om die eenheid van sy Statebond te herstel. Hy het derhalwe teenoor Liaquat Ali Khan onderneem om die Kasjmir-geskil op die Londense konferensie te laat bespreek en om inter-statebondsbesprekinge te reël met Pakistan en Indië in 'n poging om deur onderhandelinge en bemiddeling die geskil tussen Indië en Pakistan op te los.

En toe het Liaquat Ali Khan in der haas na Londen afgesit want hy het sy sin gekry. Berigte meld dat Liaquat Ali Khan geweldig baie invloed gewen het in sy land as gevolg van sy sterk optrede. Die openbare mening keur sy optrede heeltemal goed want daar word gevra wat dit dan vir Pakistan help om aan 'n Britse Statebond te behoort as daardie Statebond hom geen hulp wil verleen by die beslegting van sy geskil met Indië nie.

DIE VOORBEELD

Die optrede van Pakistan is 'n voorbeeld vir Suid-Afrika.

Suid-Afrika het ook 'n geskil met Indië — en dit nogal oor 'n interne aangeleentheid van Suid-Afrika waarmee Indië niks te doen het nie, nl. die behandeling van die welvarende Indiër-ondersdane van Suid-Afrika. Die regering van Indië gaan uit sy pad uit om Suid-Afrika oor hierdie aangeleentheid op die vergaderings van die Verenigde Volke aan te kla en hom op vermetele wyse voor die hele wêreld te beskuldig. En Brittanje staan gladnie aan Suid-Afrika se kant nie, intendeel die Britse pers beaam die beskuldigings van Indië en die Britse regering se hydrae tot die oplossing van die geskil was tot dusver 'n ronde nul.

In Suid-Afrika vra mense ook die vraag: wat help dit om

aan die Britse Statebond te behoort? Lidmaatskap van die Britse bond hou eensydige verpligtinge in. As Brittanje en sy Statebond se belange op die spel is, dan moet Suid-Afrika help — al moet ons volk se republikeinse ideaal ook verwater word tot 'n lojale strewe na 'n republiek binne die Statebond. Maar as Suid-Afrika se belange op die spel is, dan verleen Brittanje of die Statebond geen hulp nie. Dan moet Suid-Afrika alleen staan. Dan skree die Britse pers selfs: Sa!

GEDIENSTIGHEID ONNODIG

En tog as Brittanje roep, dan antwoord Suid-Afrika. As mnr. Attlee wink, dan gaan dr. Malan of hy stuur 'n plaasvervanger. Dit was die Oosterling, Liaquat Ali Kahn, wat aan Suid-Afrika gewys het dat sulke gediensdigheid onnodig is en dat 'n bietjie nasionale trots gou-gou die Britte tot beter insigte dwing. Die toekoms moet nog wys of Brittanje en sy Statebond Pakistan se geskil met Indië sal oplos. Maar, by voorbaat, het Pakistan reeds aangedui dat as die Britse Statebond vir hom niks gaan beteken nie, dan gaan hy ook vir die Britse Statebond niks beteken nie.

BRITSE LEIERS

(Vervolg van kolom 2)

van die bond as die Britse regering. Hy het sy bereidheid verklaar om enige onderneming te ondersteun wat die wêreldvrede wil bewaar deur kollektiewe veiligheid.

● In 1920 het mnr. Lansbury gesê: „Die Bolsjewiste is mensliker, meer beskaafd in oorlog en in hulle behandeling van krygsgevangenes as enige ander regering. Ek weet dit. Die kommunistiese leiers van Rusland rig hulle oë op na die hoogtes... die hoogtes van liefde, broederskap en kameeradschap.”

Is Britse Leiers Gretig Om Teen Ou Vriende Te Veg

Die huidige regeerders van Brittanje — die leiers van die Britse Arbeidersparty — het jarelank uit hulle pad gegaan om lofliedere te sing oor Sowjet-Rusland en sy kommunisme. Hulle het aan die Britte vertel van die „wonderwerk” wat in Rusland plaasgevind het en gepleit daarvoor dat Engeland tog Rusland se voorbeeld moet volg.

In 1937, toe duisende ordentlike Spanjaarde hulle bloed gestort het om hul vaderland van die kommunisme te red, het Engeland se huidige Eerste Minister, majoor Attlee in Spanje gestry aan die kant van die kommuniste. Vandag nog word hierdie daad van Attlee in Spanje met bitterheid en wantroue onthou.

Dit was gevolglik baie maklik vir die leiers van die Britse Arbeidersparty om kommunistiese Rusland in die Tweede Wêreldoorlog met ope arms as bondgenoot te aanvaar teen die Duitse volk.

VEROORDEEL HULLESELF

Dit is hierdie manne wat vandag die Britte moet lei in die stryd teen hul eertydse „held” — Sowjet-Rusland. Maar meer nog. As leiers van Brittanje — die senior lid van die Britse Statebond — is hulle die manne wat feitlik die buitelandse beleid van die Statebondslende bepaal. Ook Suid-Afrika s'n.

Hierdie manne durf nie 'n kommunistiese uitsuiwering in Brittanje gelas nie. Hulle mag nie navraag doen oor iemand se kommunistiese verlede nie. En hulle mag boweal so iemand hoegenaamd nie klassifiseer as 'n twyfelagtige patriot nie. Want as hulle dit doen veroordeel hulle hulself.

Met watter vertroue kan 'n mens met mnr. Attlee en sy span gaan kommuniste skiet?

KOMMUNISTIESE AAN-PRYSINGS

Hier volg 'n paar vleierende uitsprake deur leiers van die Britse Arbeidersparty oor Sowjet Rusland en sy kommunistiese stelsel:

● Mnr. Attlee het in 1937 verklaar: „Dit is merkwaardig dat die Russiese Rewolusie bly

voortbestaan het. Dit is 'n wonderwerk. Die Russe is besig om uit chaos 'n nuwe samelewing op te bôu wat gebaseer is op sosiale geregtigheid. En wêreldvrede kan nie voortduur indien dit nie op sosiale geregtigheid gebou is nie. Vyande van die Sowjet-Unie hou nie daarvan nie — want hulle is bang vir 'n staat wat op sosiale geregtigheid gebou is.”

● In 1939 het mnr. Attlee verklaar: „Laat mnr. Chamberlain meer vertroue hê in die U.S.S.R. Daardie land het bewys dat hy 'n vriend van die vrede is.”

● Mnr. Herbert Morrison het in 1935 gesê: „Ek vind dat ek meer en meer saamstem met die Russiese kommuniste. Hulle oortuigings en sienswyses oor die sosialisme, en hoe om dit toe te pas, staan my geweldig baie aan.”

● In 1939 het mnr. Morrison gesê: „Wat hulle ook al mag dink van die Russe se politieke stelsel, een ding is seker: die U.S.S.R. het oor 'n hele aantal jare bewys gelewer dat hy 'n egte krag vir vrede is.”

● In 1931 het Sir Stafford Cripps gesê: „Sowjet Rusland verskaf 'n goeie voorbeeld van wat gedoen kan word. As Engeland net vir Rusland wil navoel sal ander lande baie gou dieselfde doen.

● Mnr. Arthur Greenwood het in 1939 verklaar: „Sedert Rusland tot die Volkebond toegetree het, was hy meer getrou aan die beginsels en besluite (Vervolg in kolom 5)

SKOTSE VOLKSBEWEGING EIS SELFBESTUUR

Op Kersoggend is 'n beroemde oorlogsbuit van Brittanje uit die Westminster-abdy „gesteel”. Dit is die historiese Scone-klip — 'n sandsteen-klip wat onder die troon gehou word vir die kroning van Britse konings. Die klip weeg 360 pond en dit het 'n lang en bewoë geskiedenis. Selfs word beweer dat dit die einste klip is waarop Jakob sy kop neergelê het toe hy sy betekenisvolle droom gehad het.

Die klip is honderde jare lank vir die kroning van die Skotse konings gebruik voordat dit deur Edward I na die Westminster-abdy gebring is. Die klip is deel van die Skotse geskiedenis en dit hoort eerder in Skotland as in Engeland.

Die Britse polisie vermoed dat Skotse nasionaliste die klip „gesteel” het. Tot nogtoe het selfs die beroemde Scotland Yard nog nie daarin geslaag om die groot, swaar klip op te spoor nie.

KONING VERONTRUS

Die Engelse het eers gespot met die diefstal van die klip en grappies daarvoor gemaak. Maar hul ligsinnige luim het gou verdwyn toe dit bekend word dat die koning ernstig verontrus is oor die verwydering van die klip en dat die B.B.C. alle grappies oor die klip van Scone oor die radio verbied het.

Toe het die Engelse bewus geword van die bestaan van 'n sterk Skotse Volksbeweging — die Scottish Convention — wat Skotse selfbestuur eis. En dit is ongetwyfeld nie 'n saak waaroor Engelse ligsinnige grappies durf maak nie!

Die Scottish Convention is 'n nie-partypolitieke organisasie, onder leiding van die bekwame en gedugte Skotse nasionalis John MacCormick. Die Con-

vention wil 'n eie parlement en regering vir Skotland hê maar onder die Britse kroon.

„Ons Skotte is 'n eie, aparte nasie,” sê die Convention. „Selfregering sal ons nuwe selfrespek en selfstandigheid gee. Dit sal ons in staat stel om ons Skotse tradisies te bewaar en 'n Skotse hydraag tot die wêreld se lewenswyse te lewer.”

Daar is 3,400,000 stemgeregtigde Skotte in Skotland. Van hulle het reeds 1,700,000 die handves van die Convention onderteken wat 'n eie parlement vir Skotland vra. Tans word Skotland in die Britse parlement verteenwoordig deur 70 Skotse parlementslede. Dit is slegs 'n handjievol uit die totaal van 615 lede.

Die Scottish Convention het onlangs gedreig om die koning direk te nader vir selfregering vir Skotland as die twee groot Britse politieke partye langer weier om aan hul eis te voldoen.

Daar is hoofsaaklik twee redes vir die ontstaan en groei van hierdie kragtige Skotse

volksbeweging: nasionale trots en ekonomiese welsyn.

Die Convention sê dat „in moderne omstandighede kan 'n volk nie sonder 'n eie regering voortbestaan nie,” en dat Skotse sake beter deur Skotse manne en vroue in Skotland behartig kan word as deur beheer uit Londen.” Op ekonomiese gebied verlang die Convention dat Skotse hulpbronne tot voordeel van Skotte aangewend moet word.

Dit het die skouspelagtige diefstal van die klip van Scone gekos om die Engelse pers sover te bring om vir die Engelse en vir die wêreld te vertel van die bestaan en eise van die Skotse volksbeweging — die Scottish Convention. Dit is van groot belang vir lede van die Ossewabrandwag in Suid-Afrika om te weet dat daar ook in Skotland 'n nie-partypolitieke volksbeweging bestaan wat glo dat die ware nasionale belang van die Skotse volk nie gedien word deur die bestaande groot politieke partye nie.

DIE O.B., WOENSDAG, 10 JANUARIE 1951

HET SUID-AFRIKA 'N EIE BUITELANDSE BELEID?

Die konferensie van Eerste Ministers van die Britse Statebond wat in Londen gehou word, gee aanleiding om die vraag te vra: Wat is Suid-Afrika se buitelandse beleid? Het Suid-Afrika 'n buitelandse beleid? 'n Land bepaal gewoonlik sy buitelandse beleid op grond van die inligting wat sy geheime diens insamel en in ooreenstemming met sy eie belange. Suid-Afrika het geen geheime diens nie — die Suid-Afrikaanse departement van buitelandse sake kry sy inligting van die Britse geheime diens. En oënskynlik word Suid-Afrika se buitelandse beleid nie in Pretoria nie, maar in Londen bepaal — op die konferensie van die Britse Statebond se Eerste Ministers; en dan is dit waarskynlik nie ons vaderland se belange wat ons land se buitelandse beleid bepaal nie, maar wel die Britse Statebond se belange.

Dit wil voorkom asof Suid-Afrika geen eie buitelandse beleid het nie; maar dat ons eenvoudig blindelings agter die Britse Foreign Office aanloop. Dit is ongetwyfeld nie goed genoeg nie. Die Nasionale Regering en die Nasionale Eerste Minister van Suid-Afrika behoort die volk in sy vertroue te neem en duidelik te verklaar wat Suid-Afrika se buitelandse beleid is; op watter punte dit saamstem en op watter punte dit verskil van die Britse Empire se beleid.

DIE DEMOKRATIESE VOLKE SE DILEMMA

Die hooftema van hedendaagse buitelandse beleid is die naderende botsing tussen die demokratiese volke van die Weste onder leiding van die Verenigde State van Amerika en kommunistiese Rusland en sy satellietlande. Ter voorbereiding van hierdie botsing is dit Rusland se taktiek om die demokratiese volke in sydelingse oorloë te jaag met een of ander van sy satelliete, teneinde hulle sodoende uit te put sodat hulle makliker in die hoofoorlog teen Rusland verslaan kan word. Die dilemma van die demokratiese volke is dat as hulle aan die sydelingse oorloë deelneem, raak hulle uitgeput; as hulle nie daaraan deelneem nie — en toegee aan Rusland se satelliete (Noord-Korea en China) dan word Rusland oneindig materieel en geestelik versterk vir die hoofoorlog wat voorlê.

Wat moet die demokratiese volke nou doen? Mens kry die indruk dat die Amerikaners wil aandruk tot by die hoofoorlog met die Russe, maar dat die Engelse 'n beleid van toegewings en uitstel wil volg.

DIE BOTSING IN DIE OOSTE

Wat is Suid-Afrika se beleid? Suid-Afrika verkeer glo reeds in oorlog met Noord-Korea. Gaan die regering ook oorlog verklaar teen China? Die Amerikaanse regering se weiering om die 80 miljoen anti-kommunistiese Japanese as bondgenote te mobiliseer en te bewapen is van die allergrootste belang vir die demokratiese volke se oorlog teen die kommuniste in die Ooste. Gaan klein Suid-Afrika op Oosterse slagvelde teen die kommuniste veg as die Amerikaners nie die groot Japan wil toelaat om dit te doen nie?

EUROPESE EENHEID

Dit is voor die hand liggend dat as Europa doeltreffend teen die Russiese kommuniste en hul satelliete verdedig moet word, dan moet daar Europese eenheid geskep word, sodat 'n magtige Europese leër op die been gebring kan word. Europese eenheid is ondenkbaar sonder Wes-Duitsland en Spanje. Wes-Duitsland het meer as twee-maal die bevolking van Oos-Duitsland en Spanje het byna 'n halfmiljoen soldate onder die wapen. Waarom word hierdie lande nie as gelykwaardiges in 'n Europese Unie opgeneem nie en waarom word hulle nie met moderne krygstuig bewapen nie?

Die beleid van die huidige regering van Engeland is dwarsboming van Europese eenheid en hardnekkige handhawing van diskriminasie teen die Duitsers en die Spanjaarde. Is dit ook die Britse Statebond se beleid? Dit kan tog immers nie Suid-Afrika se beleid wees nie. Dit klink belaglik om te verwag dat klein Suid-Afrika in Europa teen die kommuniste moet gaan veg as die Groot Duitse en Spaanse volke — wat uiteraard anti-kommunisties is — deur kleinlike haat uitgesluit word van deelname aan daardie stryd.

BLANKES UIT AFRIKA GEJAAG

Suid-Afrika het reeds aan twee wêreldoorloë deelgeneem. Hoofsaaklik het hy in Afrika geveg. In die eerste wêreldoorlog het hy die Duitsers uit Afrika help jaag en in die Tweede wêreldoorlog die Italianers. Hy het daardeur twee blanke volke uit Afrika geweer — twee blanke volke wie se idees oor kleuraangeleenthede min of meer met die Afrikanervolk s'n ooreenstem. En in die plek van die twee blanke volke het hy in Abessinië 'n onafhanklike nie-blanke staat in ere herstel en in die Oos-Afrikaanse gebiede ten suide daarvan het hy die Britse Empire baasgeraak — dieselfde Empire wat vandag besig is om daardie gebiede aan die natuurlike en die Asiate uit te lewer.

Wat was Suid-Afrika se beloning? In die eerste instansie beheer oor Suidwes-Afrika — iets wat die hele wêreld hom vandag misgun. In die tweede instansie 'n landskuld van miljoene ponde waarop die volk jaarliks 'n swaer rentelas moet dra. Is daar dan niks wat Suid-Afrika wil hê nie? Natuurlik is daar. Daar is drie dinge wat die volk van Suid-Afrika verlang en wat hy behoort te eis as prys vir sy deelname aan 'n derde wêreldoorlog.

(Vervolg in volgende kolom)

Van Die Os Op Die Esel

Groot en Klein Rolle

Nadat die aangename vakansiedae verby is, wat vir my, net soos vir my lesers, oor Kersfees en Nuwejaar heengehelp het, het ons almal reeds weer die werksaamhede van die onbekende jaar — 1951 — hervat. Dit maak nie saak watter onhebbelike en gevaarvolle en vërreikende gebeurtenisse op die wêreldtoneel plaasvind nie — elkeen van ons het sy eie, hoogsbelangrike rol te vervul op die plaaslike toneel waar ons beweeg. En dit is dikwels die miljoene klein mensies dwarsoor die groot wêreld, wat elkeen hul klein rolletjie vervul, wat op die lang duur die patroon van die nasionale en die internasionale lewe meer blywend en deurslaggewend beïnvloed as die paar groot mense wat groot rolle in die kalklig vertolk.

Dit is waar, en dit is ook die aansporing vir elke klein mensie om elke dag, met onvermoeide ywer, sy of haar plig te doen. Maar dit is ongelukkig ook waar dat die wyse waarop die paar groot mense hul groot rolle in die kalklig vertolk die onmiddellike omstandighede van miljoene klein mensies bepaald beïnvloed.

Middelmatige Leiers

Wanneer ek as lid van 'n Christen-volk wat aan die Westerse beskawingskring behoort aan die jaar 1951 dink, dan bly my gedagtes dwaal oor twee tragiese aangeleenthede. Die eerste is vanselfsprekend die onaangename vooruitsig van die op hande synde wroestende en vernietigende menseslagting — die ontplooiende oorlog teen die goddelose Kommuniste. En die tweede is die noodlottige gebrek aan leiers om die Christen-volke in hierdie beslissende botsing te lei en te besiel.

Die leiers van die Westerse volke blink uit in middelmatigheid. Hulle is bedrewe in die kuns om sake op die lange baan te skuif en die steurende daad te vermy. Hul dienstigheid aan gevestigde belange en die onverbiddelikheid waarmee hulle baantjies vir boeties inruim, is die kragbronne wat hul opgang bepaal. En die gehegtheid aan hul eie belange is die salf waarmee hul gewetes verstik word.

Hierdie soort leier het senuwees van staal in mooiweerdade wanneer geld en eerbewyse volop is. Maar as die onweersdae aanbreek, soos tans gebeur het, dan stort hy in duie. En as hy boonop nog gedagtig is aan die galg-presedent van Neurenberg, dan raak sy senuwees heeltemal

(Vervolg van vorige kolom)

PRYS VIR DEELNAME

Die eerste is 'n republiek afgeskei van die Britse kroon en buitekant die Britse Statebond.

Die tweede is inlywing by die Unie van die natuurlike gebiede wat tans nog onder beheer van die Britse kroon staan.

Die derde is 'n reëling waardeur Afrika permanent verdeel sal word in blanke en nie-blanke gebiede ten einde die blanke beskawing duursaam in Afrika te handhaaf.

Indien Suid-Afrika se jong manne gevra word om in 'n derde wêreldoorlog teen die kommuniste te gaan veg en vir die drie bovermelde dinge dan sal Suid-Afrika se soldate ongetwyfeld met geesdrif die Afrikaanse vasteland help verdedig.

Deur Sybrand

op hol. Sulke leiers kan nie lei nie en hulle het ook geen beïelings nie — hulle is blote ampsbekleërs.

Dit is die tragedie van die westerse volke. Die Christen-volke sit opgeskeep met leiers wat jare lank 'n partystryd gevoer het ten einde bepaalde waardigheidsamppte te bekom. En nou het die noodlot vir hulle 'n poets gebak. Insteede van hul ampte rustig te kan beklee, is hulle aangewese as die leiers van die Christelike Beskawing en as die aanvoerders in 'n doodstryd met die Kommuniste — want die galge van Neurenberg staan gereed vir die leiers van die verloorkant.

Funksionele Leiers

Aan die donker wolk van gebrekkige leierskap is daar darem 'n silwer randjie. Dit is waar dat die politieke leiers van die weste slegs ampsbekleërs is — maar dit is nie waar van die funksionele leiers van die weste nie.

Die manne wat aan die spits van die leër staan, aan die spits van die nywerheid en van wetenskaplike navorsing en landbou en voedselvoorsiening en van baie ander bedrywighede is nie blote ampsbekleërs nie, maar is in der waarheid leiers op hul onderskeie gebiede. En die feit dat die weste oor hierdie manne beskik, is 'n riem onder die harte van derduisendes.

Maar laat ons nie blind wees vir die bestaande onreg nie. Die politieke leiers aan wie die volke van die weste die regeringsmag toevertrou het, is blote ampsbekleërs. Die funksionele leiers — wat die ware leiers van ons eeu is — het geen mag nie — net die onontbeerlike kennis om die weste te red van ondergang.

En nou is dit waar dat mense wat gevaar loop om in duie te stort gewoonlik aan iets of iemand vaskleef en oprank om staande te bly. En die moontlikhede is groot dat die senuagtige politieke ampsbekleërs aan die funksionele leiers sal oprank. Dit is die silwer randjie aan die donker wolk van gebrekkige leierskap.

Verskriklike Illustrasie

In geen ander wêrelddeel bestaan daar so 'n verskriklike illustrasie van die rampspoedige onbevoegdheid en kleinlikheid van die politieke ampsbekleërs van die weste as in Europa nie — die wieg van die Christelike beskawing.

Die Tweede Wêreldoorlog was 'n broederoorlog tussen westerse volke. In die oorlog het een groep westerse volke die steun gekry van die oosterse kommuniste om 'n ander groep westerse volke te verslaan en na die oorlog het dieselfde groep westerse volke die handlangers van hul kommunistiese bondgenoot geword om die verowerde westerse volke te verbrysel en te vernietig en tot die dood toe te vermorsel.

Vandag is die westerse volke verdeeld en uitgeput en hulle gluur mekaar met bitterheid en verwyte aan. Hulle is ongeneë om saam te staan teen die kommunistiese bedreiging uit die ooste. Die verowerdes se wonde is diep en seer. En die oorwinnaars wil nie salf daaroor smeer nie — intendeel, hulle vryf nog steeds salf daarin.

Hierdie optrede van hul politieke leiers laat die gewone manne en vroue van die Europese volke wanhoop aan die toekoms en dit wek blye verwagtings by die kommuniste op.

Aanslag Teen Die Witman

Die aanslag teen Europa is die aanslag teen die heerskappy van die witman op die aardbol. Vir hierdie aanslag om die witman te vernietig mobiliseer die kommuniste die ontwakende ooste.

Maar selfs in hierdie noodlotsuur wanneer die hele weste bedreig word met totale uitwissing takel die kortsigtige leiers nog steeds Duitse fabriekke af en sit die wettige hoof van die groot Duitse volk, admiraal Dönitz, nog altyd in die tronk. En les bes, Engeland staan nog vierkantig in die pad van Europese eenheid.

Dit is geen wonder dat die gewone mense van Europa wanhopig geword het nie. Maar afgesien van die sogenaamde leiers se brouwerk bestaan daar geen rede vir wanhoop nie.

In Europa woon 270 miljoen Europeane. In Rusland is daar 170 miljoen Russe. En man vir man is die ontwikkelde Europeane opgewasse teen die verslaafde Rus. Waarom moet 270 miljoen mense in vrees leef vir 170 miljoen van hul minderes? Omdat die Europeane deur hul leiers in die steek gelaat is. Europa is verdeeld, onvoorbereid en onmagtig om hom te verdedig. Sy wapenskure is leeg en sy jong manne vermoeid en verspreid. Miljoene sit nog in Rusland in kommunistiese tronke.

Hoewel Rusland die wemelen-de massas van China as bondgenoot het, het Europa die Nuwe Wêreld as sy bondgenoot. Daar is geen rede om te wanhoop nie, maar, in hemelsnaam, dan moet opgetree word.

Totale Voorbereiding

Daar is 'n paar voor die hand liggende dinge wat gedoen moet word deur die westerse volke.

Europese eenheid moet bewerkstellig word. En Duitsland moet gelykwaardig opgeneem word in die Europese volkefamilie onder sy wettige regeringshoof, adm. Dönitz. Insgelyks moet met Spanje onder Franco en Portugal onder Salazar gebeur.

Daar moet onmiddellik 'n saamgestelde Europese leër op die been gebring, opgelei en bewapen word.

Amerika en Brittanje en die oorblywende westerse volke moet tot die tande toe bewapen.

Dit moet onthou word dat die soldaat van die twintigste eeu eers dan bruikbaar is nadat hy 'n intensiewe opleiding geniet het. As Rusland sy eie miljoene sowel as die miljoene van China dag en nag oplei en bewapen dan is dit misdadige versuim van die leiers van die westerse lande as hulle nie dieselfde opleiding en desnoods beter opleiding en doeltreffender bewapening verskaf aan die lede van hul eie volke nie.

Die wetenskap moet ingespan word vir die vervaardiging van beter en dodeliker wapens as waaroor die vyand beskik.

Wanneer die een volkslid opgelei word as soldaat moet die ander volkslid, as arbeider, alles in sy vermoë doen om die produksie te verhoog en wapentuig en voedsel te vervaardig en op te gaar. (En terloops, laat die oorlogswinsmakers en woekeraars en ander parasiete tog asseblief hierdie keer na militêre opleidingskampe gestuur word.)

Laat al die westerse volke onderlinge rusies vergeet en 'n totale poging aanwend om hulle voor te berei vir oorlog. Slegs wanneer die weste volkome voorbereid is, sal hy die Kommuniste in 'n oorlog kan verslaan of sonder 'n oorlog op hul plek kan sit.

Ander Se Menings

RUSSE SAL VEG AS DUITSERS BEWAPEN

„Die pogings van die demokratiese volke om magtige leërs op die been te bring, sal waarskynlik so tydsaam en ondoeltreffend wees dat die Russe dit nie uit vrees sal probeer verdryf nie — selfs nie eers as 'n brokstukkie van die groot Duitse leer opnuut saamgestel word nie. Die Russe het meer rede om die nuwe wapens te vrees wat die wetskaps in Amerikaanse laboratoria's vervaardig — en dit kan hulle nie verhoed deur met gewapende magte in Europa rond te jakker nie.” Aldus skryf Sir Oswald Moseley, leier van die British Union Movement in sy lyforgan Union.

Hy gaan voort om te sê dat „die Russe wel in staat is om volskaalse Duitse herbewapening stop te sit deur eenvoudig Duitsland tot aan die Ryn en Europa tot aan die kanaalkus te beset. En die meeste Duitsers is oortuig daarvan dat die Russe dit sal doen sodra Duitsland in erns begin herbewapen en dat geen mag tans bestaan om die Russe te stop nie. Is hierdie standpunt verkeerd? Wat gaan in die gedagtes van die manne van die Kremlin om?

„Dit is geen twyfel nie dat hulle onthou dat die Duitsers tweekeer in menseheugenis die Russe totaal verslaan het en dat dit die gesamentlike pogings van die res van die wêreld vereis het om Rusland te red. Die Russiese leiers moet hulleself afvra wat sal gebeur as hulle weer te staan kom teen die Duitse leer — met hierdie keer die res van die wêreld aan die Duitse kant. Dit is daarom baie waarskynlik dat hulle so 'n moontlikheid sal probeer verhoed. Dit kan derhalwe nie ontken word nie dat die Duitsers rede het om te glo dat volskaalse Duitse herbewapening die onmiddellike oorsaak sal wees vir die uitbreek van die derde wêreldoorlog.”

Wapenlose Ruimte

„Die Weste verlang tans die herwapening van Duitsland. Daar word egter nie gevra hoe die Duitse volk hieroor dink nie. Die Duitse volk is naamlik in alle lae uitdruklik teen herwapening gekant.” Aldus skryf dr. Hans Maller, Duitse joernalis in Buenos Aires, wat op die oomblik in Suid-Afrika op besoek is, in Die Burger. Hy sê:

„Met alle moontlike parlementêre streke probeer die regering van Bonn 'n volksbeslissing oor hierdie saak uitskakel. Dit sou die oorlogstrewers in die Weste hul sin gee, want dit skyn of dit tog gaan slaag om Duitse troepe teen die wil van die volk op die been te bring.

„Ek vra: Wat beteken dit egter vir die Weste as daar werklik enige honderdduisende van die miljoene-leër van werkloos in Wes-Duitsland bereid sou wees om hulle onder Montgomery se bevel te plaas (dieselfde Montgomery wat sy soldate in Mei 1945 verbied het om met Duitse kinders te praat — 'n onmenslike bevel wat Eisenhower self as opperbevelhebber die dag daarna teruggetrek het?)

EERLOSE KLOMP

„As daar oorlog teen Rusland kom, dan sal hierdie eerlose klomp baie vinnig hul gewere wegsmyt. Die ordentlike Duitsers wat tot offers bereid is, sal nooit onder Montgomery veg nie. Hierdie eerlose Duitsers in Geallieerde uniform sal die Bolsjewiste egter die welkome kans bied om Duitsland en Europa in die geheel as vyandsland te beskou en daarna te behandel! Weereens sal miljoene na die slawekampe van Sibirië gaan — Europa sal dan opgehou het om te bestaan.

„Dit is die onvermydelike gevolg van die huidige Duitsland-politiek van die Geallieerdes. Niemand anders word daardeur gedien nie as die vyande van die Europese volke en die Westerse kultuur. Dit is politieke waansin om 'n groot moondheid in 'n oorlog aan te pak as 'n mens nie van die oorwinning verseker is nie. Dan is dit beter om in Midde-Europa 'n neutrale, wapenlose ruimte te skep.”

„Ons Het In Die O.B. Goeie Afrikaners”

„In November het die O.B. homself tydens sy laertrek besin op die toekoms van die beweging,” skryf dr. S. du Toit in die jongste aflewering van Koers.

„Dit is verblydend dat die dagbladders weer publisiteit aan die verrigtinge gegee het. Ons het in die O.B. goeie Afrikaners wie se kragte in die volkstryd nie versmaad mag word nie, te meer waar die beweging homself vierkantig op republikeinse standpunt stel. Dr. van Rensburg het 'n rede gehou wat 'n goeie gesindheid openbaar. Hy het nie — soos soms gedoen word — die bewering gemaak dat die partye die republikeinse pad verlaat het nie, maar dat die hoofleiers van H.N.P. en A.P. hul eie beskouing daarop nahou. Tegelyk het hy aange-toon dat leiers van die H.N.P. openlik van hul hoofleier verskil. Dr. Jan Steyn het aange-vul deur te verklaar dat die konstitusies van die H.N.P. en die A.P. letterlik identies lui wat die republikeinse ideaal betref. Dit is derhalwe onnodig en oorbodig dat die verskillende organisasies nou sal uitmaak wie die eintlike of die vernaamste draer van die republikeinse gedagte is. Laat elkeen maar by homself oortuig wees dat hy die suiwer koers hou.

„Afrikaners is so eenstemmig soos seker nog nooit tevore nie oor die volgende punte: Die Brits-liberalistiese staatstelsel is nie ons ideaal nie, maar dit is die enigste wapen wat die Boerevolk tans het en ons kan dit heelhartig gebruik om ons ideaal te bereik, naamlik die van 'n volkome vrye Republiek soos Ierland en nie soos Indië nie en wel ooreenkomstig ons volkstradisies. Ons gebruik Goliath se swaard om hom te onthoof.”

Samewerking Bokant Partygeskille

Dr. Du Toit bepleit voorts samesnoering van enersdenkendes en samewerking met andersdenkendes. Hy sê:

„Verblydend is dit dan ook om in die pers die volgende verklaring van min. Viljoen te lees: „Die H.N.P. en die A.P. sal hopelik vroeg in aanstaande jaar saamgevoeg en so solied saamgesmee word dat niks daardie eenheid sal kan verbreek nie.”

Die minister het hierop laat volg: „In ons verenigde sterkte moet ons dan groot van hart wees, die deure wyd oopstel en ons opponente uitnood om in hierdie tyd van nood skouer aan skouer met ons te kom staan.”

„Ook hierdie laaste woorde kan ons onderskrywe as dit so verstaan word dat alleen diegene saamgesnoer word wat dit oor beginselsake eens is maar dat ook hulle wat verskil, bv. ten opsigte van die republikeinse ideaal, gevra word om saam te werk in sake van gemeenskaplike belang. As dit kan gebeur is een van die groot euwels van die Britse partystelsel reeds oorwin. Hier word naamlik die ander party perse beveg, ook al is sy beleid in belang van die volk.”

Party Om Partye Te Beëindig

Adv. Pirow se Nuusbrief maak gebruik van boodskappe wat op Din-gaansdag gelewer is om 'n paar stellings neer te lê.

Na aanleiding van die gevaar van die Oosterse Kommunisme beklemtoon die nuusbrief die behoefte aan 'n alternatiewe lewensbeskouing wat as teenvoet-ter vir die Kommunisme kan dien.

„Wat”, vra die brief „is daar waarvoor ons jeug vandag moet veg, anders as ontvlugting uit verdeling. Ons veg teen 'n honderd en een dinge — ons veg byvoorbeeld teen die mag van die Kommunisme, ekonomiese ondergang e.d.m., maar minne van ons jeug veg met die krag van 'n besielende lewensbeskouing vir bv. 'n gekwalifiseerde Republiek, die bewa-ning van ons bodem, die om-skepping van Suid-Afrika tot 'n tuinaland, of enige ander grootse ideaal omdat die vernaamste ideaal waarvoor 'n mens moet veg as jy teen alle ander geva-re bestand wil wees, nl., die waardigheid van die mens, die individu, die nasie, nie aan hom in werklike perspektief as 'n ideaal gestel is nie.”

Die brief gaan voort om te sê: „Die partystelsel wil en kan hierdie beginsels nooit in uit-voerbaar beleid omskep nie. Is dit dus snaaks dat die Nuwe Orde-gevolg daarop begin aan-dring dat 'n party om partye te beëindig begin moet word?”

KLEINLIKHEID VAN DIE H.N.P.

Met betrekking tot die ver-ruiming van die Afrikanervolk om lede van ander Westerse volke, met 'n gemeenskaplike lewensbeskouing, by ons volk in te smelt, verklaar die nuus-brief:

„Die partye egter is vandag besig om hierdie proses om te draai. Waar jy nie aan 'n spe-sifieke party behoort nie, is hulle besig om op die stamre-gisters van diesulkes terug te gaan en te bevind dat jy nie 'n ware Afrikaner' is nie. So bv. is 'n dr. Dönges, wie se voor-ouers nog gister in Duitsland was vandag 'n ware Afrikaner, maar 'n Oswald Pirow is 'volksvreemd' omdat sy naam nie op die ledelys van die H.N.P. voorkom nie. Hierdie soort van kleinlikheid kan seker nooit 'n volk bou wat Afrika moet beheer tot voordeel van die witman nie. Die tydperk van kleinlikheid en isolasie is vir die witman in Suid-Afrika vir alle tye verby.”

MEERDERHEID LOOP AGTER PERS AAN

Ten aansien van die demokra-sie se aanvaarding van die reël: „vox populi, vox dei” — wat in die praktyk beteken dat die stem van die meerderheid van die volk die stem van God is, verklaar die nuusbrief dat die reël slegs waar is wanneer die meerderheid vry is in sy denke, sodat hy 'n vrye oordeel kan vel. Dit is dikwels nie die geval nie. „Hier dink ons veral aan die rol van die pers”, sê die nuusbrief „wat onder die demo-krasie altyd partyorgaan is en nooit volksorgaan nie, altyd 'n soort luidspreek-er vir klein groe-pies belanghebbendes om die stem van die volk mee te oorskreeu. Tot voorbeeld: in die af-gelope stryd tussen die Party en die O.B. het die volk gesmag na eenheid en broederskap, terwyl ons Partypers, in opdrag van sy klein groepie direkteure, ver-vloekings uitgeslinger het teen mede-Afrikaners, erger as ooit teen die Maarskalk van Irene. En 'n groot deel van die volk het begin saamvloek, omdat die pers vir hulle voorgevloek het, begin saamskinder, omdat die pers vir hulle voor-geskind-er het. Hulle kon nie meer oor-deel nie, hulle moes noodge-dwonge veroordeel, omdat die pers by hulle elke dag vooroor-deling ingehamer het. As 'n volk elke dag 'n sekere groep koerant-potentate se voorstel-ling van feite kry, en elke dag hulle oordeel moet aanhoor, sal daardie volk se gewete nie lank vry wees nie, en sal sy meerder-heidstem nie lank die stem van God bly nie — net so min as wat die vloek-en-swets-joerna-listiek van die afgelope jare iets met die Allerhoogste te doen had.”

U het 'n Droomhuis in die Verskiet

BOU SAAM MET

SAAMBOU

Die Bestuurder, Saambou (Permanente) Bouvereniging, Posbus 4180, Kaapstad. Stuur my asb. u gratis brosjure waarin u verduidelik hoe om ons ideale met ge-reelde besparings te verwesenlik.

Naam: _____
Adres: _____

BOERE U KRY

MAKSIMUM
PRODUKSIE
EN
GROTER
BESPARING

DEUR DIE
GEBRUIK
VAN



S.A.P.V. PLUIMVEE-
MENGSELS EN -PILLE

SUIWEL- KALF- EN
VARKMEEL

VEREENIGING CONSOLIDATED
MILLS BPK.
MAITLAND K.P.
TAKKANTOOR
WELLINGTON FOON 414

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

NET 'N PAAR ITEMS

om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk

Boston Potlood-skerpmakers ... @ 15/- elk
Mercury Draadheg-masjiene ... @ 29/6 elk
Dubbele Glas-Inkpotte ... @ 6/9 elk
Afropapier, 13 dm. x 8 dm. ... @ 7/- per Riem
Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... @ 7/8 per Riem
Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... @ 5/7 per Riem

Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, pryse vanaf £3/5/-

Alle Kantoorbodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.

SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Maandelike Kennisgewings:
(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisings:
Eerste plasing, 2d. per woord. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings, en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

VAN ROOYEN.—Aan Inus en Nantie 'n fris dogtertjie op 9 Des.

SAAL GEVRA

Nuwe of goeie tweedehandse „Cowboy”-saal, stuur volle besonderhede en prys aan: S. Bekker, Kleinfontein, Tar-kastad. 10/1/2B

TE KOOP

Tien gekruide Duitse merino rammetjies van geregistreerde vaders. Bel 6811, Wellington. Telegrafer Du Toit, Malanastasie. 4/10/19B

Voortrekkerkispak (No. 4) geskik vir feesgeleenthede. Pas persoon van 5 voet 9 dm., £10 of redelike aanbod. Skryf aan — „Werkloos”, Posbus 1411, Kaapstad. T.K.

GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skifers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verkeer, dit waarborg GRYSHAARWONDER, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. C/1/9/49

Antigryns kunsmatige haar, kopvel voeding. Herstel gryshare en baard binne een maand tot natuurlike kleur, of geld terug. Geen kleurstof. 5/6 Per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. F14/6/50

MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaad of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID, ons beskik oor die middels en behandel alle siektes, skryf, inligting gratis.—Boeregenesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg. A/1/9/49

Voor u alle hoop van genesing laat vaar, en u aan die ergste onderwerp skryf, dan vir oulaas, raadpleeg Die Boerevrou, Bus 7559, Johannesburg. (Nr.1) 1/9/49

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse genesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heupjag en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyster sal stuur. — Stuur 1/6 vir posgeld, ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria. 6/12/5

VAN'S CONCRETE PRODUCTS (EDMS.) BEPERK

Direkteure:
P. W. J. van Heerden.
P. G. van Heerden.
Polgieterstraat 258,
h/v Pretoriusstraat,
PRETORIA.

TEELS (vloer en muur — verskillende tipe), KOMBUISOPWASBAKKE, (vleklose staal en Terrazzo), SEPTIESE EENHEDE — W.C. STELLE, BADDENS EN HANDEWASBAKKE, VERF- EN STAALVENSTERS, LOODGIETERS BENODIGHEDE, ENS. 8/11/TK

MEUBELS

MEUBELS.—Beter meubels teen billiker pryse Babawaentjies, stootkarretjies, drieluise, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen Katalogus. Meld waarin u belangstel. —VISSE-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisietaansannemers. Foon 9-8435

BETREKKING GEVRA

Bejaarde man met twee skoolgaande kinders verlang 'n betrekking by enige goedgeesinde firma of bedryf. Gronddige kennis van laaimeesterpligte, algemene boerdery, asook van grondverspoelingsbestryding. Verstaan om met bediendes te werk. — Navrae: Posbus 1411, Kaapstad. 10/1/1B

INDIËRS MAAK JAARLIKS £40,000,000 WINS

Mnr. N. J. Deacon, hoofsekretaris van die Suid-Afrikaanse Beskermingsbeweging, Pretoria, skryf:

Ons wil u blad langs hierdie weg graag bedank vir die simpatieke behandeling van ons beweging in u uitgawe van 13 Desember l.l.

Die Suid-Afrikaanse Beskermingsbeweging het vier van die maerste jare wat 'n beweging ooit kan deurleef agter die rug en ons fondse het ons dikwels vir lang periodes nie 'n brief van ons kantoor kon laat versend nie. Deur aanhou en uitlooi is ons vandag in die posisie om met ons byna uitsluitlike dank aan ons drie Hollandse Kerke, te kan aankondig dat dit finansiële met ons beweging beter gesteld is en dat ons tans ons bedrywighede ook na ander provinsies begin uitbrei.

SPONTANE UITBREIDING

Ons beleid in hierdie verband was egter nie uitsluitlik deur ons finansiële posisie bepaal nie. Die gedagte was om eers deur intensiewe organisasie 'n sukses van die beweging in die Transvaal te maak met die hoop dat die ander provinsies tot so 'n mate deur ons suksesse geïnspireer sou word, dat ons organisasie dan spontaan tot hulle sou uitbrei.

Ons wil u artikel graag in hierdie lig sien, asook die feit dat die Natalse Munisipaliteitsvereniging en die Kenia Electors Union so pas 'n memorandum oor ons bedrywighede aangevra het.

Van ons kant het ons reeds deur S.A.B.R.A., en individuele persone probeer reël om 'n paar vergaderings in die Kaapse Skiereiland te hou, maar ons doel kon tot op datum nog nie verwesenlik word nie.

Met die oog op ons voorgenome uitbreiding en die feit dat die stigting van komitees so 'n proses vertraag, het ons oorgegaan tot die werwing van s.g. Kernlede wat oral oor Afrika hul deel sal bydra tot die uiteindelijke repatriasie van die Indiërs. 'n Kernlid teken 'n onderneming dat hy vir drie agtereenvolgende jare 'n pond aan die hoofkantoor van die beweging sal betaal. Hierdie Kernlid-vormpries is van ons hoofkantoor verkrygbaar op aanvraag.

WET OP GROEPSGEBIEDE

Die beweging se onmiddellike taak is geleë by die toepassing van die Wet op Groepsgebiede. Soos u lesers weet is die onus vir die toepassing van hierdie Wet op die publiek. Dit is die publiek wat met uitgewerkte skemas en versoeke tot die Adviserende Raad moet kom. Ons het gevolglik dadelik al ons komitees gevra om skemas vir hul plaaslike gebiede uit te werk. Ons streekraide is gevra om die moontlikheid van enkele gebiede vir voorbeeld elk van die agt streke waarin ons die Transvaal verdeel het te vind en ons hoofkantoor werk aan 'n skema wat slegs een Groepsgebied vir al die Indiërs van Transvaal as doel het.

Op 9 en 10 Maart, 1951, word hierdie skema aan 'n kongres van ons beweging in die Transvaal voorgelê. Alle Kernlede sal welkom wees om hierdie kongres by te woon.

HANDELSLEEMTE

Intussen gaan ons onverpoosd voort met ons taak om die blanke handel tot so 'n mate te versterk dat die blanke ten minste sy pro rata deel in ons handel sal kry.

Prof. P. W. Hoek en b.g. het 'n konserwatiewe berekening gedoen en gevind dat daar jaarliks niks minder as 'n £20 miljoen wins uit ons naturelle en 'n £20,000,000 wins uit ons blanke deur die Indiërs gemaak word nie. Ons is ook diep be-

gaan oor wie die handelsleemte gaan vul indien die Wet op Groepsgebiede 'n werklikheid gaan word. As die Indiër as gevolg van hierdie Wet slegs 50 persent van sy handel gaan verloor, sal ons al dadelik niks minder as tussen 5,000 en 10,000 addisionele blankes vir ons kleinhandel nodig hê nie. Wie gaan daardie leemte vul — ons of die vreemdelinge?

'n Verantwoordelike amptenaar van die mark van Johannesburg meen dat die Indiërs jaarliks ongeveer £5,000,000 se vrugte en groente op die Johannesburgse mark hanteer. Bemerkingsoutoriteite op die Rand en in Pretoria meen dat die Indiërs die distribusie van groente en vrugte tot so 'n mate beheer, dat hul organisasie haas onvervangbaar is. Het ons landbouorganisasies hier nie 'n duidelike taak nie? Dit is dus seker vir u lesers duidelik watter taak ons wag, nie alleenlik om ons eie huis aan kant te maak nie, maar ook om ons blanke buurstate suid van die Sahara, in ons eie belang, te help teen hierdie vyfde kolonne van Asië, wat soos alle minderheids-groepe van groot volke in ander lande, altyd die kiem van ons volgende handhawingsoorlog inhou.

Pleidooi Vir Dienskampe

Mnr. P. C. Malan, Cordiesrus, Wellington, skryf:

Ek is nie 'n persoon wat baie goed is met die pen nie — 'n graaf en boomskeer is meer in my lyn. Maar hier is iets wat my die laaste tyd gedurigdeur bybly en dit is hoedat ons jong Afrikaners meer en meer moet geleer word om diens vir land en volk te gee en liefde vir ons grond te ontwikkel.

Hier in my onmiddellike nabyheid, op die plaas van my broer, het nou die afgelope paar weke 'n klompie jong seuns en dogters van die Boerejeug gekampeer. Die vraag kom by my op. Is dit nie moontlik om dieselfde ding te doen en meer diens te lewer nie?

OES INSAMEL

Dit is 'n tyd hier by ons wat almal, groot en klein, besig is met die insameling, verpakking en verwerking van vrugte. Waarom kan die kinders, in plaas van in die kampe niks produktiefs te doen nie, nie help op die plase met die vrugte nie? Op die manier kan hulle nie alleen hul kennis vermeerder en sien wat daar gedoen word om ons land en volk te voed en ontwikkel nie, maar kan hulle ook iets verdien. As hulle dit dan self nie nodig het nie, kan hulle dit gee om lyding en ellende van andere mee te versag.

Of is ons (ek bedoel die O.B.) net soos in al die ander dele van die wêreld net besig om ons jeug, deur alleen dissipline aan hulle te leer, op te voed vir kanonvoer?

PRAKTIËSE DIENS

Die vraag kom by my op: Hoeveel kos die kampe nie vir ouers en organisasie nie? Is dit die koste werd, wat die jeug daar leer? Of praat die seuns en dogters as hulle weer terug is net van die lekker, ek vrees praktiese nuttelose tyd, wat hulle gehad het?

Hoeveel mindergegoede seuns en dogters van ons beweging, en van ons volk, sou nie ook in staat gewees het om saam na die kampe te gaan en ons land te sien as dit kampe was waar daar iets prakties gedoen, geld verdien en diens gelewer was nie, in plaas van kampe te wees waar net geld uitgegee word en wat vir ouers en organisasie net geld kos.

Soos Ons Lesers Dit Sien

SEWE SEUNS

Hier was sewe seuns van dieselfde ouderdom as baie van die kampeerders wat met die vrugte gehelp het in dieselfde tyd wat kon teruggaan met £2 10s. geld in hul sak waarmee hulle vader, moeder en jonger broers en susters se harte miskien nie alleen kon blymaak nie, maar ook met die lekker gevoel dat hulle iets nuttigs vir ons land in die tyd gedoen het.

Met die beste verwagting dat die paar sinne iets teweeg sal bring.

Minder Belastings Vir Hoggenheimer

Staatsamptenaar, Tvl., skryf:

Ek kan die skielike verdwyning van Hoggenheimer nog nie klein kry nie! Hy is klaarblyklik net soos die partypolitieke draadsitter wat vandag 'n held is en môre 'n verraaier, na gelang by watter party hy hom tuismaak.

Uit die „Bedryfstatistiek van die goudmynnywerheid vir die afgelope 10 jaar” soos gepubliseer in „Die Mynwese”, orgaan van die Transvaalse Kamer van Mynwese, haal ek die volgende syfers aan:

MYNBELASTINGS

In 1941 is 'n bedryfswins getoon van £45-en-drie-kwart miljoen. Hiervan het die regering £27-en-n-kwart miljoen aan belasting, huur, ens., ontvang of ongeveer 60 persent.

In 1945 was die bedryfswins £32 miljoen en die regering se aandeel £18-en-n-half miljoen of ongeveer 58 persent. (Let wel, albei gevalle tydens die „Hoggenheimer-bewind.”)

In 1949 (die eerste volle jaar van die huidige regering) was die bedryfswins £34 miljoen; die regering se aandeel £12 miljoen of slegs 35 persent van die wins!

GEWONE BELASTING

Nou sal daar beweer word dat eersgenoemde twee jaar 'n oorlogstydse belasting was. Ons gee dit toe maar is die belasting wat Jan Burger moet betaal ook in dié verhouding verminder? Inkomstebelasting is wel verlig maar dit bevoordeel grootliks die meer goeie sekse van bevolking, maar in besonder bevoordeel dit ons vriend Hoggenheimer!

Daarenteen is b.v. petrol verder belas en dit word verneem dat tabak en sigarette nog verder belas gaan word — ten koste van die tabakboer en die roker. Die tabakboer sit reeds opgeskeep met 'n surplus as gevolg daarvan dat die gemiddelde sigaretroker ongeveer £8 per jaar moet opdok aan belasting!

Albei genoemde belastingstref Jan Burger veral, maar Hoggenheimer, vir wie daar so lank mes geslyp is, het toe ongelukkig verdwyn!

Neem Uitdaging Aan

Mev. P. M. van der Westhuyzen, Voortrekkerstraat, Uniodale, skryf:

Mev. J. Theron, Koffiefontein, daag ons uit, net soos die sekere offisier, van nou af na Februarie, te kyk hoeveel ons kan insamel. Ek wil graag meedoen maar om Kersfees en Nuwe Jaar is dit vir ons 'n moeilike tyd. Dis 'n tyd van ons huislike Kersfeeste; andere het al hul familie vir die vakansie by hulle en ander moeders moet weer hul kinders se skoolklere maak.

Ek stel voor dat sy haar uitdaging van Februarie na Augustus moet uitstel, dan sal die oes groter wees.

Met die beste wense vir haar plan.



Kan met trots aanspraak maak dat sy kliënte onder die bes geklede klasse tel.

ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD

Unie Se Afrika-Diens

'n Nuwe diens is op 21 Desember deur die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie ingestel om die S.A.U.K. se programme na luisteraars in die gebiede noord van die Limpopo uit te saai. Dit sal bekend staan as die Afrika-diens van die S.A.U.K. en is nog in die proefneming-stadium. Maar, volgens die korporasie se direkteur-generaal, sal dit waardevolle gegewens lewer vir 'n doeltreffender diens wat die stam van Suid-Afrika deur die vasteland van Afrika en selfs verder sal dra.

Rooi Vlag Met Hamer En Sekel

Op 26 Desember, verlede jaar, is mnr. W. H. (Bill) Andrews in Kaapstad oorlede.

Die Guardian noem die begrafnis van mnr. Andrews, wat jarelank die leier van die Suid-Afrikaanse Kommunistiese party was, 'n historiese gebeurtenis. Die blad vertel dat 'n rooi vlag met die hamer en sekel oor sy doodkis gesprei was en dat die plegtigheid afgesluit is met die sing van die Internasionaal en die Rooi Vlag.



„Besook ons Tak in die Wandelgang, Groot Kerkgebou, vir Radios, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Postbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.”

Somertabberds

In Hul Heldere Patrone

BY

Steyns

DIE MODEWINKEL

Parow

DIE Boere Jeug

AMPTELIKE

ORGAAN

BYVOEGSEL TOT DIE O.B. VAN WOENSDAG, 10 JANUARIE 1951

Vir ons Offisiere Verduidelik ons

ONS BELEIDSPUNT NO. 10

Geen Kapitalisme en ook Geen Kommunisme nie

Die vrye Kapitalisme, met sy uitbuitende en anti-nasionale beheer, veral oor die mynbou, die fabriekswese, die handel en die geldmark, moet onskadelik gemaak word; produksiepryse, -winste en -verliese word beheer; spekulasie met grond, wonings, voedings- en kledingsmiddele van die volk word beheer; die godlose en raslose Kommunisme word deur Christelike en volkseie Sosialisme teengewerk en vernietig.

SOSIALISME

Vir jare was die blote woord „Sosialisme” vir die Afrikaner ’n paai-boelie. Dit was juis deur ’n beroep op hierdie ingebore afkeur teen „sosialisme” dat die mynbou en hul handlanger-regering die plattelandse boere gekry het om hulle mede-Afrikaners op die strate van die Rand te kom plaskiet. Aan die Afrikaners wat hulle opgeroep het, het hulle gesê om „Sosialiste” te gaan skiet . . . maar die lyke wat in die strate rondgelê het, was die lyke van manne wat enige jare tevore nog plattelandse Afrikaners was. En die moeders en weeskindertjies wat daar hul dode tussen het . . . wat was hulle anders as die afstammelinge van daardie selfde Geuse en Hugenate, lidmate van ons eie kerke? Jarelank het die vyand ons laat blind word van woede as ons net ’n woord hoor . . . Sosialisme! So het hy verdeel en geheers. Daardie jare is nou verby! Vir altyd verby.

Ons hele beskawing vandag staan onder die teken van die Sosialistiese Eeu. Of daardie sosialisme nou nasionaal is of anti-nasionaal . . . sosialisme bly dit nietemin. Dit is die tekens van die tyd, en uit die tyd kan niemand weghardloop nie.

Die Kapitalisme is die geswore vyand van beide die Nasionale en die Sosialisme. So lank as dit hierdie twee elemente uitmekaar kan hou en kan keer dat hulle nie saamkom nie kan dit die een afspeel teen die ander. Maar op daardie dag wat hierdie twee mekaar die hand reik . . . daardie dag slaan die klok vir die Kapitalisme dertien! Kamerade, in die Ossewabrandwag het hulle mekaar die hand gereik, die Nasionale en die Sosialisme. Die hand gereik vir altyd!

Nie die Internasionale Sosialisme van Moskou nie . . . gespruit uit die hartvervulde brein van die Internasionale Jood, Karl Marx. Internasionale Sosialisme is so sielloos soos die

Kapitalisme. Nie die Internasionale Sosialisme van die Kommunisme nie dog die Nasionale Sosialisme wat spruit uit die harte van ons eie mense, van die werkers van Suid-Afrika. Die soort Sosialisme wat met ’n besliste „Ja” antwoord op die eeuoue vraag: „Is ek dan die hoeder van my broeder?” Net waar die Afrikaner, man of vrou, vir sy of haar daaglikse brood swoeg . . . in die myne, in die fabriek, op die plase en op die paaie, in die winkel en op die spoorweg, daar soek die Ossewabrandwag hom en haar en sê: „My broer, my suster!”

Waar die werker in sy vakunies georganiseer is, daar wil ons glad nie sien dat hy sy organisasie swakker maak nie. Intendeel. Maar ons sê vir hom: „Gooi nog ’n verder anker uit. Gooi ’n anker na iets baie groter en sterker. Anker in jou volk sowel as in jou vakunie. As jy dit doen, sal die dag kom wanneer jou krag sal lê, nie net in jou partikuliere vakunie nie maar veelmeer en veel verder in die Arbeidsfront van die hele Afrikanerdom. Staen by die Afrikanerdom en die Afrikanerdom sal by jou staan.

As die Afrikaner se Nasionale hierdie pad nie wil neem nie omdat dit te angsvallig en te skrikkerig vir ’n woord is . . . bang is vir die indruk wat die woord „Sosialisme” onder mense wat altyd geneig is om paai-boelies te sien mag skep, dan is so ’n nasionalisme medeskuldig daaraan om Afrikanerwerkers, mans en vrouens van hierdie volk, in die steek te laat en hulle aan die wolf van die Kommunisme oor te laat.

Wat die Ossewabrandwag betref, ons gaan sekerlik nie terugdiens van ’n stap wat nodig geword het nie. Ons veg nie vir ’n woord nie — vir een of ander Sjabbolet — ons veg nie teen ’n woord nie; ons veg vir ’n volk en sy bestaan, en vir brood vir sy kinders in sy eie en enigste vaderland.

As ’n volk van effens meer as een miljoen alreeds die skaduwee van sowat driehonderdduisend armblankes het wat oor hom val; as die origes bestaan meestal uit werkers en arbeiders wat moet swoeg en sweet en dit onder uitlanderbase om ’n bestaan te maak . . . as ’n volk bestaan oorwegend uit mense wat arbeiders en werknemers is wat met moeite hul daaglikse brood verdien . . . en dit nogal in die rykste goudland wat hierdie planeet ken! . . . dan het die tyd aangebreek dat sy leiers moet

ophou bang word vir woorde en meer aandag moet bestee aan feite.

Kortliks kom ons stelling hierop neer: wat in Suid-Afrika vir die arm man en die werker goed is, is ook tegelyk goed vir die Afrikaner. En, omgekeerd, wat vir die Afrikaner goed is, is — in Suid-Afrika — ook vir die werker en die arm man goed.

Die Ossewabrandwag sien dit in en is bereid om die logiese gevolgtrekkings daaruit te maak. Daarom herhaal ons dat ons die politieke redding van ons volk sien in ’n Nasionale wat sosiaal is en in ’n sosialisme wat nasionaal is.

Uit die hygende nood van die mensdom wat tussen die uitbuitende rykdom en ydele weelde aan die een kant en die sielddende armoede en honger aan die ander kant uitgemergel en vernietig word, het die sosialistiese ideaal verrys. En tensy die mensdom in die chaos wil versink moet dit die sosialistiese pad inslaan. In die dae wat kom, gaan ons keuse nie meer wees tussen Sosialisme en Kapitalisme nie; die oorwinning van die Sosialisme is so seker as wat die son in die ooste opkom en in die weste ondergaan. Die enigste keuse wat ons altemit gaan hê is dié tussen ’n nasionale vorm van Sosialisme (’n Volkseie Sosialisme, soos die Ossewabrandwag dit noem) of die Internasionale Sosialisme, ook bekend as Kommunisme of Bolsjewisme.

Of Nasionale Sosialisme, of anti-Nasionale Kommunisme; daar lê die keuse van die toekoms . . .

Die toekoms behoort aan die Gesagstaat, maar die Gesagstaat is maar die uiterlike vorm; en ons praat hier van die inhoud, die kern binnekant die dop. Daardie inhoud kan van verskillende aard wees. Veral moet ons onderskei tussen die Nasionale Gesagstaat aan die eenkant en die anti-Nasionale Gesagstaat, die „Komintern” of „Kommunistiese Internasionale” aan die ander kant.

DIE DRAERS VAN DIE RAS

Die klas of die beroep van ’n man of van ’n vrou die kan oornag verander. Maar sy bloed, sy ras, is iets wat deur God bepaal is en dit is onveranderlik. Iets waarvan hy en sy solank hulle leef nie kan wegkom nie. Want sy bloed is sy Self. Daarom sien die Nasionale Gesagstaat in elke lid van die volksgemeenskap die draer van die bloed. In toekomstige geslagte sou dit ydel wees om deur die bloed in ’n Afrikaner se are te probeer vasstel of sy vader of grootvader ’n Sap of ’n Nat was, Smelter, Gesuiwerde of O.B., of hulle die „rooilus” gedra het of die republikeinse arend; of hulle klerke was of boere, werkmense of predikante.

Een en almal, afgesien van die klas van hul voorouers, is hulle die toekoms van die Afrikanerdom, die Volk van Môre en Oormôre.

Elke geslag, en ook elke enkele (vervolg in volgende kolom)

Ons Nuwe Koerantjie

Op ’n onlangse offisiërsvergadering in die Paarl is daar besluit om ’n einde te maak aan die tweeweklikse uitgawe van „Die Boerejeug” as ’n byvoegsel tot „Die O.B.” Ons het gevoel dat almal nie die geleentheid kry om daardie blaadjie te lees nie. Pa neem dit maar altyd eerste en as hy dit nie in die trein of op kantoor laat lê nie, is ouboet tweede aan die beurt. Teen die tyd dat hulle klaar is, is die koerantjie al in so ’n gehawende toestand dat ons nie meer lus het om dit te lees nie.

Buitendien wil ons iets van ons eie hê, nie helfte van pa s’n nie. Ons wil graag ons eie blaadjie hê wat aan ons persoonlik gestuur word. Ons wil iets hê wat ons kan lees en dit dan bewaar — of miskien iets nuttigs daaruit te knip om te hou. Iets deur die Boerejeug gedoen en vir die Boerejeug bedoel.

Op die vergadering het ons toe besluit om tenminste elke maand — later miskien elke twee weke — ’n blaadjie van ons eie uit te gee. Ons koerant gaan min of meer wees soos ons kampkoerantjies altyd was. Daar sal ’n gedeelte wees vir voorligting aan offisiere waarin hulle interessante wenke sal

vind. Daar sal ’n nuusblad wees waarin ons mekaar van al ons werksaamhede gaan vertel. ’n Ander deel sal afgestaan word aan bydraes van maats bv. gediggies, kortverhale en vertellings van interessante dinge wat julle aangevang het. Tekeninge en spotprente sal ook volop wees.

En nou wat julle moet doen! Dit gaan ons niks help om ’n blaadjie uit te gee as daar niemand is om dit te lees nie. Jul eerste plig is dus om julle name en adresse aan ons te stuur asook julle ouderdom. Julle kan gerus ook van jul maats wat belangstel in die Boerejeug se name aan ons stuur.

Julle tweede plig sal wees om aan ons te skryf, nuusbrokkies te stuur of om te vertel wat julle alles aanvang. Vertel vir ons hoe julle gekamp het of hoe die toer na Rhodesië was. Vertel aan ons of julle van die nuwe blaadjie hou en wat julle graag daarin wil sien. Skryf maar gou want die eerste uitgawe sal binnekort verskyn.

Die enigste inheemse politieke gedagte van die Afrikanervolk is die Republikeinse Gedagte.— dr. J. F. J. van Rensburg.

Beleidspunt

(Vervolg van vorige kolom)

ling in elke geslag, is maar skakels in die ketting van die volkse geslagte. Die hele ketting, nie een of ander besondere skakel nie, maak die Afrikanerdom uit. Die geslagte wat verby en begrawe is, die maak net souseer die Afrikanerdom van die toekoms uit as die wat kom . . . en die huidige geslag is maar ’n skakel, ’n middel tot die doel, nie die doel self nie.

Maar die ketting is nooit sterker as sy swakste skakel nie. Om daardie rede is dit ons begerste en ook ons lewensbelang om te sorg dat alle skakels ewe goed versorg word en ewe gesond is, afgesien van die klas of beroep waarin hulle val, en terwille van die hele ketting, en nie net van die betrokke skakels nie.

Die Nasionale Gesagstaat wil hulle saamsweis in een totaliteit . . . nie hulle verdeel in groepe, klasse en partye nie. ’n Partylose staat, omdat partye ’n weeldeartikel is vir mooiweersdae . . . en nie vir die tye van storm en drang wat nou oor die aardbol veeg nie.

Laat ons hierdie een punt inhamer: Die Nasionale Gesagstaat — die staat van ’n volksregering — is veral besorg oor die bestending en beveiliging van gesonde families, gesond na liggaam en na gees.

Gesond na die gees weens die Nasionale Sosialisme.

Gesond na die liggaam weens sy Sosialisme.

Om hierdie dinge te bereik, is ook geld nodig — honderde miljoene ponde. Maar nie net geld nie. Die kapitalistiese mentaliteit sal natuurlik dadelik die hande opgooi en sanik: „Waar moet die geld vandaan kom?” Ons antwoord is dat as hierdie sinlose oorlog — hul

oorlog — honderde miljoene kon verslind en as die geld daarvoor gevind kon word, dan kan dit ook, met tienkeer soveel goeie rede, vir sosiale opheffing gevind word. Behuising, voeding, onderwys, tegniese opleiding, erosiebestryding . . . al hierdie dinge is oneindig belangriker as pantser- en oorlogsuitgawe.

Maar nog veel belangriker as die geld is die onwrikbare wil tot selfdisziplinering en tot selfopoffering . . . en die staking van hierdie sogenaamde demokratiese broedertwis wat ons die partystelsel noem.

DIE NASIONALE GESAGSTAAT

Nee, sonder die stywe teuels van die Nasionale Gesagstaat kan geen volk hoop om vir sy burgers maatskaplike beveiliging te erlang nie. Om hierdie rede het ons Beweging die sprong gedoen en het hy heelhartig en met albei hande sy vertroue in ’n gesagstaat deur en van die volk geplaas, nasionaal en sosiaal in sy hele wese.

In hierdie vertroue en op die geroep van hierdie ideaal het selflose en pligsgetroue Afrikaners by die honderde in tronke en konsentrasiekampe gely. Die oorgrote meerderheid sonder dat hulle ooit voor ’n hof verskyn het, maar almal besiel met die gees van die Beweging.

As ander mense, vol eiebelang en sonder selfopoffering hulle wil verguis as „saboteurs”, „rampokkers” en „Duitse Sappe” . . . ons wat hul idealisme ken en deel — ons sal hulle eer as soldate en martelare van die Republiek wat kom — die Nasionaal-Sosiale Gesagstaat wat die enigste effektiewe bolwerk teen die Kommunisme en die swart Sowjet-Republiek is.

Aan Mnr. Pans Taljaard, Posbus 95, Stellenbosch.

Neem my naam asseblief op sodat ek „Die Boerejeug” gereeld volgende jaar oor die pos kan ontvang.

VAN:

VOORNAME:

HUISADRES:

Koshuis-adres:

(indien enige)

Geboortedatum:

Was of is jy ’n offisier in die Boerejeug?

TOESPRAAK

KOMMANDANT-GENERAAL

Wat gelewer is by die opening van die Uniale Laertrek. Nou verkrygbaar in pamfletvorm teen 1/- per dosyn.

Bestel by:

Posbus 1411, Kaapstad.

Posbus 1059, Pretoria.

Voorraad beperk. Bestel dadelik.

HET DIE JODE 'N DUBBELE TROU

Die Jewish Herald berig dat die S.A. Zionist Federation in samewerking met die S.A. Jewish Appeal onderhandelinge gevoer het met verskeie staatsdepartemente aangaande die uitvoer van voedsel en ander artikels na die Joodse staat Israel.

As gevolg van die onderhandelinge, aldus die blad, is 'n verbetering aangebring ten aansien van die reëlings vir die toekomstige aankoop van voorrade vir die Joodse staat Israel.

Voortaan sal die Suid-Afrikaanse regering slegs oorweging skenk aan aansoeke vir die uitvoer van artikels na die Joodse staat Israel indien daardie aansoeke afkomstig is van 'n gesamentlike voorradekomitee verteenwoordigend die S.A. Zionist Federation en die S.A. Jewish Appeal.

Aansoeke vir die uitvoer van artikels waarby onderneem word om die hele koopprys in buitelandse munt te betaal, is uitgesluit van die voormelde reëling.

VREEMDE BELANGE

Wat beteken hierdie berig?

Moet ons aanneem dat Suid-Afrikaanse Jode (lede van die S.A. Zionist Federation en die S.A. Jewish Appeal) wat ook Suid-Afrikaanse burgers is, met die regering van hul eie land gaan onderhandel het in belang van 'n vreemde moondheid, Israel?

Moet ons verder aanneem dat die Suid-Afrikaanse regering gewillig was om met sy eie burgers samesprekings te voer oor die uitvoerhandel na Israel?

GRATIS VERSENDINGS

En wat beteken die uitvoermonopolie wat aan die Gesamentlike Voorrade-komitee toegestaan is?

Is dit die geval dat Suid-Afrikaanse Jode voedsel en ander artikels in Suid-Afrika opkoop en dit dan na die Joodse staat Israel stuur? Maar in hierdie verband verrys 'n ander vraag. Die Gesamentlike Voorrade-komitee, wat reeds gestig is, het 'n oproep gedoen aan produsente en nyweraars om aanbiedinge te maak van alle Suid-Afrikaanse produkte waarvan daar 'n surplus is of waarvan 'n surplus verwag kan word in die toekoms. Is die betekenis van die uitnodiging om „aangebiede” te maak dat Suid-Afrikaanse produkte deur Suid-Afrikaanse Jode gratis na die staat Israel gestuur word?

WATTER TROU

Aan watter land is die Suid-Afrikaanse Jode trou verskuldig? Aan Suid-Afrika of aan Israel? En as die Suid-Afrikaanse Jode se trou teenoor Israel is, watter reg het hulle dan om aanspraak op Suid-Afrikaanse burgerregte te maak?

Met wie moet die Suid-Afrikaanse regering onderhandel oor aangeleenthede wat die staat Israel raak? Met die beoorlik geakkrediteerde verteenwoordigers in Suid-Afrika van die staat Israel of met Suid-Afrikaanse Joodse organisasies. Indien met laasgenoemde, wat soek eersgenoemde dan in Suid-Afrika?

TWEE PILARE

Die berig in die Jewish Herald laat heelwat vrae ontstaan en dit is ongetwyfeld die plig van

die regering om 'n verduideliking van die saak te verstrek.

Toe die jong staat Israel homself op twee pilare opgerig het — op die Jode in Palestina en op die Jode in verspreiding, het hy 'n bron van toekomstige wrywing geskep. As 'n Jood in verspreiding burgerregte wil geniet in die land van sy verblyf, moet sy een en onverdeelde trou aan daardie land wees. As 'n Jood in verspreiding egter sy trou wil skenk aan Israel dan mag hy nie burgerskap in die land van sy verblyf eis nie. Dit is tog billik.

Suid-Afrika is nog nie eens ontslae van sy ouderwetse Engelsmanne wat hul „home” in Engeland sien nie. Hy sit opgeskeep met 'n Indiërbevolking wat na Indië op sien as hul tuisland. En nou begin die Suid-Afrikaanse Jode met dieselfde peutery ten aansien van Israel.

Dit mag nie geduld word nie. Allermens aangemoedig word.

BRITTE SOEK MIDDELBELEID

Uit Londen word berig dat die Eerste Ministers van die Britse Statebond wat daar in konferensie vergader is, met mekaar eens is dat hoewel die wêreldtoestand ernstig is, 'n derde wêreldoorlog tog nie onvermydelik is nie. Hulle stem saam dat die klem gelê moet word op planne om oorlog te voorkom eerder as om vir oorlog voor te berei. Die Eerste Ministers gaan glo probeer om 'n buitelandse beleid vir die Britse Statebond uit te werk wat 'n middelbeleid sal wees tussen die Amerikaanse en Russiese beleide.

Hierdie beleid sal haastig aangekondig moet word want die Verenigde State van Amerika is tans besig om dertig lede van die V.V.O. te oordeel om die Chinese kommunistiese regering as agressor te verklaar en om ekonomiese en politieke sanksies teen China toe te pas.

VERDEELDHEID

Sover bekend is daar ernstige verdeeldheid onder die lande van die Britse Statebond. Brittanje, Indië, Pakistan en Ceylon het reeds die Chinese kommunistiese regering erken terwyl

Buitengewone Eer

Die Engelse pers berig dat 'n buitengewone eer mev. T. E. Dönges te beurt geval het. Mev. Dönges is die eggenote van dr. Dönges, Suid-Afrika se minister van binnelandse sake, wat die Eerste Minister verteenwoordig op die Londense Premierskonferensie. Die koningin het nl. vir mev. Dönges alleen ontvang in Buckinghampaleis en 'n lang gesprek met haar gevoer. Mev. Dönges het daarna aan 'n Engelse koerantman gesê: „Dit was 'n voorreg wat ek altyd deur op prys sal stel.”

die ander bondslande geweier het om dit te doen. Australië en Nu Seeland verlang dat die algemene beginsels van die Amerikaanse beleid gesteun moet word.

Volgens Intelligence Digest het die verskil tussen die Amerikaanse en Britse opvattinge reeds so duidelik aan die lig gekom tydens mnr. Attlee se onlangse besoek aan Washington dat president Truman daardie besoek as 'n volslae mislukking beskou.

Attlee sou geëis het (1) dat genl. MacArthur teruggeroep word as bevelhebber van die demokratiese magte in die Ooste; (2) dat genl. Chiang-Kai-shek gelos moet word en dat Formosa aan kommunistiese China gegee moet word; en (3) dat die kommunistiese bewind in China ten volle erken moet word. Dit het Truman beskou as eerlose oorgawe en geweier om iets met so 'n beleid te doen te hê.

WIL RUSLAND DIREK TAKEL

Amerika moet onder geen omstandighede toelaat dat hy in 'n uitputtende oorlog met China gesleep word nie, verklaar die Amerikaanse joernalis, William Simms, in 'n artikel wat wye publisiteit in die Amerikaanse pers geniet het.

„China is nie ons vyand nie. China, as sodanig, val nie die Verenigde State aan nie. Rusland gebruik China as 'n wapen teen ons, net soos hy Rooi Korea gebruik het. Sy oogmerk is om ons uit te put totdat hy kan instap en met ons kan klaar-speel.

„Rusland is die werklike instigator van die wêreldwye komplot teen Amerika en die ander demokratiese volke. Ons behoort reguit aan die Kremlin te sê dat indien hy ons in 'n groot botsing sleep, ons die geveg reguit na hom sal voer.”

Verlang Na Republiek

Die slag van Bloedrivier is wel gelewer vir die behoud van die beskawing, maar ook vir die daarstelling van 'n republiek, het dr. Albert Coetzee, tydens die Gelofteadviering op Rustenburg gesê.

Hoewel beskawing een van die vernaamste resultate van die Groot Trek was, mag ons nie vergeet dat die doel van die trek die verwesenliking van 'n onafhanklike republiek was nie, het dr. Coetzee verklaar.

Vir die voorouers van die Boere was 16 Desember 1880 dan ook die aangewese dag om die vierkleur te hys.

Dr. Coetzee het die vertroue uitgespreek dat dié 16 Desember nie meer ver is nie waarop andermaal die Republiek van Suid-Afrika uitgeroep sal word as die natuurlike en noodwendige staatsvorm vir die nuwe nasieskap.

Rusland En V.S.A. Bou A-Bomme

Atoomdeskundiges het aan 'n geslote sitting van die Amerikaanse Senaat se beramingskomitee meegedeel dat Rusland hard besig is in 'n koersagtige poging om atoomwapens te ontwikkel.

Die Senaat het 'n fonds van 1,080,000,000 dollar vir atoomontwikkeling goedgekeur.

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die elenaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Grootse Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

Vir geurige
verfissing
en
vroulike
verfyndheid



KWV


-Eau de Cologne
en -Latentel

PRODUKTE VAN
SUID-AFRIKA



K96

• Hulle wat in ons blad
adverteer, het die
eerste aanspraak op
ons geld!



Waar u ook mag wees

Kommando

is die gewildste
Suid-Afrikaanse sigaret



STRYDOM STREEF NA REPUBLIEK

„Gedurende die afgelope sitting is ook 'n verdere stap gedoen in verband met ons Republikeinse einddoel. Die appèl na die Koning se Geheime Raad is afgeskaf. Só sal ons stap vir stap vorder — langs die weg wat Ierland bewandel het — totdat ons groot ideaal — die Republiek van Suid-Afrika verwesenlik is.”

Aldus lui die Kersboodskap van min. J. G. Strydom, Transvaalse leier van die H.N.P.

STEM-SKEIDING

Ten aansien van die H.N.P. se ooreenkoms met die A.P. het hy gesê:

„Gedurende die loop van hierdie jaar het ons gelukkig ook tot 'n ooreenkoms geraak met die Afrikanerparty, as gevolg waarvan ons nou sal kan voortgaan met ons beleid om die Kleurlinge in Kaapland en in Natal, wat hul stemreg betref, van die blankes te skei.”